28 MAART 2020
HERDERSBRIEF #14

Geliefde Gemeente,

Hierdie skrywe, dien as 'n opvolg tot gister se skrywe. ***"TEEN HOOP":*** wat impliseer dit alles; in hoe 'n mate beïnvloed dit jou vertikale en horisontale verhoudings?

Die ***"teen hoop"*** in koning Dawid se lewe, het aanleiding gegee tot ***Psalm 51***. Wat beteken dat hy homself beoordeel het en, dat hy by wyse van belydenis die saak reggestel het. Dit is wat die Heilige Gees van ons vra, om onsself te beoordeel ***(1 Kor. 11:31)***, en om teenoor God belydenis te doen ***(1 Joh. 1:9)***, maar ook indien nodig teenoor mekaar belydenis te doen ***(Jak. 5:16).***

Die volgende is moontlike areas wat aandag verdien:

- "***Jou onbeantwoorde gebede***": Met die redenasie dat jy so ***"lank al"*** bid, en niks gebeur nie of, dat jy bid en vra – veral ten opsigte van geloofsgenesing – en daar nie dadelik 'n verandering is nie.

  Wat dit aanbetref, spreek ***Lukas 18:1*** duidelik tot ons om: ***"gedurig te bid en nie moedeloos te word nie."*** ***Lukas 18:7*** *"Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?"*

- Al die ***"wanpersepsies jeens jouself as persoon"***: Gewoonlik is die wanpersepsie die gevolg van: verwaandheid; 'n self-regverdige houding, meerderwaardigheid, dit alles as gevolg van verwerping. Wanneer 'n persoon homself verhoog om in sy meerderwaardigheid gestalte te kry, bied dit aan hom – volgens sy denke – lewensruimte. Veral, word hier verwys na die fariseër en die tollenaar. Hierdie gelykenis word onder ons aandag gebring, omrede ons nie durf op onsself vertrou nie. Die fariseër se gebed: *"Ek dank U dat ek nie soos die rowers, die egbrekers ensovoorts is nie"* ***(Luk. 18:11).*** Daarteenoor staan die tollenaar vêr: dan die alombekende aangrypende verklaring: ***"O God, wees my sondaar genadig".*** Wanneer daar persone, met wanpersepsies teen ons is, groot wysheid aan die dag gelê sal word, deur ***vêr te staan.***

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Moenie in argumente betrokke raak nie. Moenie jouself verdedig nie. Moenie jouself laat geld nie. Jy het nie nodig om jouself teenoor niemand te bewys nie. Jou saak is met God en nie met mense nie.

- Die ***"doring in jou vlees":*** 'n Uiters aktuele saak wat nie geïgnoreer mag word nie. Indien daar nie effektief mee gedeel word nie, verseker jou innerlike vrede kan versteur en jou van jou vrymoedigheid kan beroof.

  Weer eens het ons te make met self-beoordeling, maar dit beïnvloed ook die aspek van aanvaarding. Paulus het drie keer gebid en tot die slotsom gekom, daar is 'n doel mee, en hy het die doring in sy vlees aanvaar ***(1 Kor. 12:8).*** Dit dien 'n tweërlei doel:

  1. *"sodat niemand my hoër mag skat as wat hy van my sien of wat hy van my hoor nie."* **(2 Kor. 12:6)**
  2. *"dat ek my nie sou verhef nie."* **(2 Kor. 12:7)**

  God se genade is vir ons genoeg, want Sy krag word in swakheid volbring.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335